# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**24 MEI 2026 Nr 21**



| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* 051 436 2930/082 410 7447 | Skriba/ Koster: | *Pieter du Plessis* 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* 083 776 6989 | Kerkkantoor: | Telefoonnommer: 051 436 2932 |
| | | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* 072 469 7778 | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* 072 784 9451 | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* 079 888 8910 | Kassier: | *Mariza Mosca* 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ Evangelisasie: | *Kerkkantoor* 082 570 1804 | Bank Kerk: | ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065 |
| | | Bank Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026 |



### VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24 Mei: Br Casper du Plessis | 076 322 7071 | 26 Mei: Kara Otto | 082 762 7892 |
| 24 Mei: Br Jorrie Jordaan | 082 787 7177 | 29 Mei: Br Gerhard Landman | 083 454 3302 |
| 26 Mei: Sr Christine de Wet | 083 391 8052 | 29 Mei: Sr Karen Venter | 076 717 0653 |
| 26 Mei: Sr Hannetjie Penning | 083 805 1342 | 30 Mei: Sr Annelize Marais | 082 770 6662 |

## SONDAG SE EREDIENS

‘n Aantal Professore van die Teologiese Skool van die GKSA te Potchefstroom besoek tans die Klassis Suid-Vrystaat ten einde terugvoer vanaf die TSP te gee. As deel van hulle besoek, preek hulle ook by gemeentes in die Klassis. Ons is bevoorreg om vir ***prof Naas Ferreira*** hierdie Sondag in ons midde te verwelkom wat dan ook die erediens gaan lei. Hy is vanaf 2014 verbonde aan die universiteit en is ‘n senior lektor in Missiologie. Ons bid hom die seën van die Here toe op die Woordverkondiging.

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Kas Teologiese Studente.***

# GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

***Pitkos:***

*Maleagi 1 vers 7: Julle bring onrein voedsel op my altaar, en dan vra julle : "hoe het ons die Here te na gekom?".*

In die hoofstuk kla God dat hy afskeepoffers van die volk ontvang terwyl die menslike goewerneurs met top geskenke ge-eer word.

Hoe lyk ons offers ten opsigte van ons tyd, ons finansiële bydraes, ons lewens? Gee ons die afskeepstukkie aan God? Het Hy rede om ongelukkig te wees met ons?

Indien wel, maak reg – jy is tyd gegun om dit reg te maak – raak betrokke, maak jou regmatig bydrae, wy jou volkome aan Hom in alles wat jy doen!

## KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word.

Dit is die beurt van wyk ***Fichardtpark*** en ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Frans Rumpffstraat*** aan die beurt kom.

## BROEDER TER APPROBASIE AS OUDERLING

Om as ouderling in die wyk *Santé* te dien, wor die naam van ***br Piet Botha*** van Santé 10 ter approbasie aan die gemeente voorgehou.

*Ons bid hom die seën van die Here toe by die oorweging van die roeping!*

## ONS DINK AAN...

***Sr Ronel van der Walt*** van Tibbie Visserlaan 9B wat ‘n knievervangingsoperasie in Rosepark ondergaan het. Ons is dankbaar dat die operasie suksesvol afgeloop het en bid haar en ***br Fanie*** die Here se nabyheid toe. Ons wens haar sterkte toe met die herstel-proses!

## GEMEENTE INLIGTINGSESSIE

In die lig van prof Ferreira se besoek aan ons gemeente, verskuif die inligtingsessie wat hierdie Sondag sou plaasvind na volgende Sondag, 31 Mei 2026, direk na die erediens. Die doel daarvan is om die gemeente in te lig oor die stand van ons finansies. Die Finansiële Kommissie sal 2025 se finansiële syfers asook 2026 se begroting voorhou.

Die katkisasie en teebediening sal daarna normaalweg voortgaan.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroepe ontvang:*

- Ds JP du P (Johannes) Aucamp van GK Rietvallei na GK Sanveld (Namibië).
- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Venterstad.

*Beroep aanvaar:*

- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Witrivier.

*Beroep nie aanvaar nie:*

- Ds HV (Henning) Venter van GK Windhoek na GK Sanveld (Namibië).

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE TWEEDE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***31 Mei*** | Gemeente Inligtingsessie<br>Spesiale Breë Kerkraadsvergadering |
| Sondag ***07 Junie*** | Ouderlinge en Diakonie vergadering afsonderlik |
| Sondag ***14 Junie*** | Voorbereidingsdiens |
| Maandag ***15 Junie*** | Spesiale Skoolvakansiedag |
| Dinsdag ***16 Junie*** | Jeugdag |
| Sondag ***21 Junie*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Vrydag ***26 Junie*** | Skole sluit |

## OPROEP TOT DAG VAN VEROOTMOEDIGING

Klassis Potchefstroom het met die laaste sitting twee versoeke tot ’n Dag van Verootmoediging ontvang. Die versoeke is gerig deur die Gereformeerde Kerke Jeffreysbaai en Wolmaransstad.

Klassis Potchefstroom besluit dat ’n dag van verootmoediging en gebed op Sondag 31 Mei 2026 uitgeroep word waaraan ons gemeente ook sal deelneem.

Die volgende omstandighede word as motivering vir hierdie dag van verootmoediging en gebed gegee:

1. In die lig van die besluit van die Algemene Sinode van 2026 oor die onderwerp van VIDA, word spanning en verdeeldheid binne die GKSA ervaar.
2. Die krisis van stygende lewenskoste as gevolg van die oorlog in die Midde-Ooste, asook die wydverspreide en voortgaande uitbreking van bek-en-klouseer, tesame met die gevolge van onlangse streeksrampe soos vloede en veldbrande.
3. Die ellende wat veroorsaak word deur volgehoue korrupsie en misdaad, veral soos dit aan die lig kom binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens, in die lig van die Skriftuurlike belofte dat wetsgehoorsame burgers nie die owerhede hoef te vrees nie. (Rom. 13)

# TERUGVOER ALGEMENE SUSTERSVERGADERING

- Ons gemeente bied die Sustersaamtrek 2027 in ons streek aan op Saterdag, 06 Maart 2027, by URTH-kwekery. Meer inligting aangaande die reëlings sal mettertyd verskaf word.
- Al die susters word herinner aan hulle vrywillige bydrae van ***R200*** vir die jaar. Dit word aangewend om uitgawes vir funksies te dek en ook om kombuisware aan te vul of nuwe aankope te doen.
- Sr Leonie Coetzee is verantwoordelik vir die finansies en sy rig 'n vriendelike versoek dat inbetalings 'n duidelike verwysing bevat.
- 10 Kniekombersies is aangekoop en aan Athalia Uitreik geskenk.
- Oudl Mourie van der Bijl word hartlik bedank vir die stoepgedeelte by die saal wat toegebou is om as handige stoorplek te dien.
- Die Gemeentefunksiekommissie bied op DV 12 September 2026 'n Potte- en Spittedag by URTH-kwekery aan. Potjiekos en skape-op-die-spit gaan die hoofdisse wees en Zak Steyn sal lewendige musiek verskaf. Meer inligting en reëlings sal mettertyd verskaf word.

## DIAKONIE HELP MET VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE

IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

### LITURGIE TYDENS EREDIENS


Skriflesing : Johannes 16:1-15
Teks : Johannes 16:7
Sang : Ps 47:1,3,4
: Ps 40:4
: Sb 1-2:1,2
: Ps 48:1,4,5

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.

2 Korintiërs 8:9

## Hulpsentrum



**As jy lees, kan jy begin droom. As jy droom van 'n beter lewe, kan jy dit bereik. Help ons om kinders se lewe beter te maak.**

**Skenk asseblief ou of nuwe kinderboeke vir Kareefontein Primêr in Venterstad se nuwe biblioteek.**

**Dankie dat u omgee. Nerina 082 884 4465**

## Hulpsentrum Winkel



DIE Hulpsentrum Winkel in Venterstad verkoop u skenkings ten bate van die 2 Sopkombuise waar 400 kinders daagliks kos kry. Daar is 'n groot behoefte aan HUISWARE, GORDYNE, LAKENS en KINDERKLERE.

Ons waardeer elke bydrae. Baie dankie dat u omgee.
**0723909019**



**MERK ASSEBLIEF U SKENKING: VENTERSTAD.**

Sopkombuis

# Ikhitshi Lesuphu

**Die twee Sopkombuise in Venterstad kook elke dag vir meer en meer kinders, meer as 400. Die nood bly baie hoog. Werkloosheid is die norm. Help ons asseblief met 'n donasie of vleis! Ons sal dit baie waardeer. Ons het huidig net genoeg vleis vir een week. Nogmaals dankie aan elkeen wat omgee. 0723909019**



Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum




Mootkamp is die GKSA se skoolverlaterskamp met die doel om geloofsgroei en geestelike toerusting onder jongmense te bevorder. Die kamp is spesifiek gerig op hoërskoolleerders (Graad 10–12) sowel as studente, wat dien as groepleiers en tog ook die nodige advies vir hulle lewens verkry.
Enige navrae rakende die kamp kan gerig word aan my, SJ Verhoef, via WhatsApp. (066 391 7446)

